

Bepalings en voorwaardes vir Ek vloek (nie) in my taal (nie)-kompetisie

1. Beskrywing van kompetisie

- Deelnemers word genooi om 'n meningspeiling te voltooi waarin hulle vrae beantwoord oor hul vloekgewoontes.
- Daar word ook maandeliks gefokus op 'n spesifieke medium waarin vloekwoorde voorkom (musiek, rolprente, teater, publikasies) en deelnemers word aangemoedig om voorbeelde daarvan op vloek.co.za se webtuiste te laai.
- Deur deel te neem aan die kompetisie, erken en aanvaar deelnemers dat die kompetisie oor 'n onderwerp handel wat met taboes te make het. Elke deelnemer moet dus onvoorwaardelik aanvaar dat sy/hy moontlik aanstootgewende woorde mag teëkom.
- Deelname aan die kompetisie en aanvaarding en/of gebruik van 'n prys, of enige aspek daarvan, is op die deelnemer se eie risiko.
- Deelnemers moet 18 jaar of ouer wees.

2. Formaat van kompetisiereëls en inskrywing

- Deelnemers moet op vloek.co.za se webtuiste registreer om deel te neem aan die meningspeiling. Dit is noodsaaklik ten einde te voldoen aan die etiekvoorwaardes vir sulke navorsing aan die Noordwes-Universiteit.
- Die registrasieproses verseker ook dat jy in die toekoms baie vinnig en maklik aan vloek.co.za se meningspeilings kan deelneem.
- Al verskaf jy 'n e-posadres tydens registrasie, word jou persoonlike besonderhede nooit aan jou antwoorde in meningspeilings gekoppel nie. Jy kan dus verseker wees dat alle data streng anoniem hanteer word.
- Inskrywings wat via ander platforms aan Afrikaans.com of vloek.co.za gestuur word, is *nie geldig nie* en sal nie vir die kompetisie in aanmerking kom nie. Dit sluit in inskrywings wat privaat via Facebook Messenger gestuur word, sowel as inskrywings wat op die Whatsapplyn of e-posadresse of in enige ander vorm gestuur word.
- Inskrywings word geag as toestemming vir vloek.co.za en Afrikaans.com om die resultate van die meningspeilings sowel as die voorbeelde na goeëddunke op vloek.co.za en Afrikaans.com se webtuistes en sosialemediaplatforms aan te wend, sowel as in akademiese navorsing te gebruik. Jou naam sal egter nooit sonder jou toestemming gebruik word nie.
- Geen persone geaffilieer by vloek.co.za of Afrikaans.com, of 'n werknemer van vloek.co.za of Afrikaans.com, mag inskryf nie.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen verdere korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.

3. Tydperk van kompetisie

- Inskrywings vir die meningspeiling open op **7 Augustus 2020** en sluit op **31 Oktober 2020** om **00:00**.
- Inskrywings vir die maandelikse kompetisie open elke maand op **die eerste dag van daardie maand** en is geldig tot en met **Maandag, 30 November 2020** om **00:00**. Slegs inskrywings wat binne hierdie tydsraamwerk ontvang word, sal oorweeg word.

4. Kies, aankondiging en vergoeding van weners

- **Een persoon** wat die **hoofmeningspeiling** ingevul het, sal **R1 000** wen. Hierdie wenner sal op **1 Desember 2020** aangekondig word en word deur 'n gelukstrekking bepaal.
- Die weners van die maandelikse kompetisies sal ook deur gelukstrekking bepaal word. Hierdie persone sal ook elk 'n kontantprys van R1 000 wen.
- Die maandelikse weners word almal op **1 Desember 2020** aangekondig.
- Weners sal privaat gekontak word. Verdere reëlings sal dan getref word. Alle prysgeld word in kontant aan die wenner, wat 'n Suid-Afrikaanse bankrekening moet hê, betaal. Weners moet besonderhede binne vyf (5) werksdae aan Afrikaans.com verskaf.
- Vloek.co.za en Afrikaans.com behou die reg om die prysgeld te weerhou as daar 'n geldige rede daarvoor is.

